

Ek sien, ek begeer, ek neem



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

II Korintiërs 8:1-7; Mattéüs 13:3-7, 22; Génesis 3:1-6; Jesaja 56:11; Mattéüs 26:14-16; II Petrus 1:5-9.

Geheueteks:

“En by wie in die dorings gesaai is – dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar” (*Mattéüs 13:22*).

Die liefde vir geld en materiële besittings kom na ons uit baie verskillende rigtings. E.G. White beskryf die duiwel se gewerskaf om ons deur die bedrog van materialisme te lok, as volg: “ ‘Gaan, maak die besitters van land en geld dronk met die sorg van hierdie lewe. Stel die wêreld aan hulle in die aantreklikste lig voor sodat hulle hul skatte daar kan bêre en hulle harte aan aardse dinge kan toevertrou. Ons moet ons uiterste bes doen om hulle wat in God se werk is te verhinder om middele te bekom om teen ons te gebruik. Hou die geld in ons eie geledere. Hoe meer hulle bekom, hoe meer sal hulle ons koninkryk bedreig deur ons onderdane van ons af weg te neem. Sorg dat hulle meer vir geld as vir die opbou van Christus se koninkryk en vir waarhede wat ons haat, omgee. Dan sal ons hulle invloed nie hoef te vrees nie; want ons weet dat elke selfsugtige, geldgierige persoon onder ons beheer sal wees, en uiteindelik van God se volk geskei sal wees.’ ” — *Counsels on Stewardship*, bl. 154-15 (vrye vertaling).

Dit wil voorkom of dié plan ongelukkig baie goed werk. Kom ons kyk dan na hierdie gevare en wat die Woord van God aan ons sê sodat ons hierdie slinkse strikke kan vermy.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 Januarie.*

Die voorspoed-evangelie

‘n Populêre televisieprediker preek ‘n eenvoudige boodskap: God wil jou seën en die bewys van Sy seën is die baie materiële besittings wat jy besit. Met ander woorde, as jy getrou is, sal God jou ryk maak. Hierdie gedagte, of variasies daarvan, word die voorspoed-evangelie genoem: Volg God en Hy sal jou ryk maak aan wêreldse middele. Hierdie gedagte is niks anders as ‘n valse teologiese regverdiging vir materialisme, want wat dit eintlik sê, is: Wil jy materialisties wees en daarvoor goed voel? Ons het net die regte “evangelie” vir jou. Maar, deur die evangelie met gewaarborgde rykdom te verbind, is net soos ‘n misplaaste byvertoning. Hierdie leerstelling veroorsaak ‘n Skriftuurlike wanklank en weerspieël ‘n selfgerigte teologie wat niks anders is as ‘n halwe waarheid wat in Bybelse taal geklee is nie. Die kern van hierdie leuen is die kern van alle sonde, en dit is selfsug en die begeerte om self bo alles te bevredig.

Die teologie van die voorspoed-evangelie leer dat, deur aan God te gee, ons ‘n waarborg vir materiële rykdom verkry. Maar, dit maak van God ‘n muntoutomaat (‘n gleufmasjien), en verander ons verhouding met Hom in niks anders as ‘n transaksie nie: Ek doen my deel en U belowe om U deel te doen. Ons gee, nie omdat dit die regte ding is om te doen nie, maar omdat ons iets terugontvang. Dit word die voorspoed-evangelie genoem.

Lees II Korintiërs 8:1–7. Wat gebeur hier? Watter beginsels sien ons in hierdie teksverse wat teen die voorspoed-evangelie getuig? Wat bedoel Paulus wanneer hy van die “liefdesdaad” wat “oortloedig is”, praat (II Korintiërs 8:7)?

Hierdie mense, alhoewel hulle in “diepe armoede” verkeer het (II Korintiërs 8:2), was vrygewig en het selfs meer gegee as wat hulle kon bekostig het. Verse soos hierdie, en baie ander, help om die valse teologie van die voorspoed-evangelie teen te werk wat leer dat as jy regleef met God, jy baie materiële besittings sal hê om dit te bewys.

Watter voorbeelde kan jy aan dink van hulle wat getrou aan God maar nie ryk aan wêreldse besittings is nie, en hulle wat nie getrou aan God is nie, maar baie wêreldse besittings het? Wat behoort dit aan ons te sê oor die gebruik van rykdom as ‘n aanduiding van God se seëninge?

Dowwe geestelike oë

Ons het nie die Bybel nodig om die volgende vanselfsprekende waarheid te leer nie: die sorg van hierdie lewe en sy weelde is tydelik. Hier bly niks dieselfde nie, en dit hou ook nie lank nie. Soos Paulus gesê het: “omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (II Korintiërs 4:18). Christene is bysiende wanneer hulle meer vaskyk teen die sorg van die wêreld as na die hemelse weg. En min dinge kan hulle so blind maak vir die regte pad as die valsheid van weelde. Helen Keller wat doofstom en blind was, het gesê: “Die mees patetiese persoon in die wêreld is iemand wat kan sien, maar wat geen visie het nie.” Die Bybel is met voorbeelde gevul van mense wat kon sien, maar wat inderdaad geestelik blind was.

“Sommige het hierdie wêreld so lief dat dit hulle liefde vir die waarheid verswelg. Soos wat hulle skatte vermeerder, verminder hulle belangstelling in die hemelse rykdom. Hoe meer aardse besittings hulle bekom, hoe meer raak hulle geheg daaraan asof hulle bang is dat hulle kosbare skatte van hulle weggeneem sal word. Hoe meer hulle besit, hoe minder wil hulle vir ander gee, want hoe meer hulle het, hoe armer voel hulle. O die verleiding van die rykdom! Hulle wil nie sien en voel wat die behoeftes van God se saak op aarde is nie.” — Ellen G. White, *Spiritual Gifts*, vol. 2, bl. 267, (vrye vertaling). Dowwe geestelike oë bedreig ewige verlossing. Dit is nie genoeg om Jesus net raak te sien nie; ons moet op Hom fokus.

Lees Mattéüs 13:3–7 en 22. Teen watter gevaar waarsku Jesus ons hier? Waarom is dit vir enigeen, ryk of arm, so maklik om daardeur gevang te word?

Eerstens waarsku Jesus ons oor die “sorg van die wêreld” (*Mattéüs 13:22*). Jesus weet dat ons almal sorg van wat ons finansies betref. Die armes bekommer omdat hulle nie genoeg het nie, die rykes bekommer hulle oor wat hulle nog wil hê. Ons moet net seker maak dat ons nie sal toelaat dat sulke sorg die Woord in ons lewens sal “verstik” nie (*Mattéüs 13:22*). Tweedens waarsku Jesus ons oor die “verleiding van die rykdom” (*Mattéüs 13:22*). Alhoewel rykdom op sigself nie boos is nie, besit dit die mag om ons te verlei om ‘n weg te volg wat ons na ons uiteindelijke vernietiging kan lei.

Watter tekens van “die verleiding van die rykdom” kan jy in jou eie lewe sien? Watter praktiese keuses kan jy maak om jouself teen hierdie misleiding te beskerm?

Die stappe van begeerlikheid

Soos alle sondes begin begeerlikheid in die hart. Dit begin binne-in ons en dan werk dit na buite. Dit is wat in Eden gebeur het.

Lees Génesis 3:1–6. **Wat het Satan gedoen om Eva te verlei om te sondig? Hoe het hy dieselfde beginsels deur die eeue gebruik om ook ons te verlei?**

“Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet” (*Génesis 3:6*). As jy nie beter geweet het nie, kon jy gedink het dat die advertensiewese sy standaardvoorbeeld van hoe om sy produkte te verkoop, van die Edenverhaal gekry het. Die duiwel het die vrug van die verbode boom so aangebied om Eva te laat begeer om nog meer te wil hê as wat sy alreeds gehad het, en hom haar te laat dink dat sy iets moet hê wat sy nie werklik nodig gehad het nie. Hoe briljant! Haar val is ‘n demonstrasie van die drie stappe wat elkeen van ons neem wanneer ons aan begeerlikheid toegee: Ek sien, Ek begeer, Ek neem.

Begeerlikheid kan ook ‘n geheime sonde wees. Net soos wellus is dit inwendig weggesteek. Maar wanneer dit uiteindelik vrugte dra, kan dit vernietigend wees. Dit kan verhoudings skade aandoen, littekens op ons geliefdes los, en agterna ons met skuld belaa. Laat begeerlikheid net kop uitsteek, en dit sal enige ander beginsel ter syde stel. Koning Agab het Nabot se wingerd gesien, dit begeer, en toe gepruil totdat sy koningin Nabot laat vermoor het daarvoor (*I Konings 21*). Agan kon nie weerstand gebied het toe hy ‘n kleed en geld gesien het nie. Hy het dit begeer en toe geneem (*Josua 7:20–22*). Begeerlikheid is eintlik net ‘n ander vorm van selfsugtigheid. “As selfsugtigheid die heersende vorm van sonde is, kan begeerlikheid as die heersende vorm van selfsugtigheid gesien word. Dit word treffend deur die Apostel Paulus te kenne gegee waar hy die ‘swaar tye’ (*II Timóteüs 3:1*) van die verdorwenheid van die laaste dae beskryf. Hy stel selfsugtigheid as die welige wortel van alle kwaad voor wat sal heers, en begeerlikheid as sy eerste vrugte. “Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges ...” (*II Timóteüs 3:2*.” — John Harris, *Mammon*, (New York: Lane & Scott, 1849) bl. 52, (*vrye vertaling*).

Hoekom is dit belangrik om enige of alle neigings tot begeerlikheid in onself raak te sien?

Hebsug — Om altyd jou sin te kry

Lees Jesaja 56:11. Teen watter sonde word hier gewaarsku?

Hebsug kan vir ons as gevalle wesens net soos om asem te haal, word. En net so maklik ook. Hoe ook al, dit is moeilik om aan enige ander menslike karaktertrek as hebsug te dink wat Christus se karakter minder sal weerspieël. “Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word” (*II Korintiërs 8:9*). Net die Here weet van die skade wat hebsug deur die geskiedenis al veroorsaak het. Hebsug het oorloë veroorsaak. Hebsug het mense tot misdaad gedryf wat vernietiging oor hulself en hulle gesinne gebring het. Hebsug kan net soos ‘n virus wees wat op sy gasheer teer, en elke deug vernietig totdat al wat oorbly net meer en meer grypsugtigheid is. Hebsug is ‘n siekte wat alles begeer en alles wil hê: liefde, mag en besittings. Lees weer: Ek sien, Ek begeer, ek neem.

Lees Mattéüs 26:14–16. Wat kan ons oor die mag van hebsug uit hierdie hartseer verhaal leer?

Let op na Judas se woorde: “‘Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer?’” (*Mattéüs 26:15*). Klink dit nie soos hebsug wat alles oorheers nie! Judas was meer bevoorreg as baie mense in die hele geskiedenis: hy het saam met die vleesgeworde Jesus geleef, Sy wonderwerke aanskou, en Hom die woorde van die lewe hoor preek. En tog – kyk waarheen hebsug en begeerlikheid hom gelei het. “Hoe sag het Jesus met die man gewerk wat Hom sou verrai! In Sy onderrig het Jesus die beginsels van weldadigheid verkondig wat die hebsug tot aan die wortel ontbloom het. Hy het die afskuwelike aard van inheligheid aan Judas verduidelik, en dikwels het die dissipel besef dat sy karakter geskets en sy sonde ontbloom word; maar hy wou nie bely en sy ongeregtigheid versaak nie.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 243. forsake his unrighteousness.” — Ellen G. White, *The Desire of Ages*, p. 295.

Wie, indien nie versigtig nie, toon nie ‘n mate van hebsug nie? Hoe kan ons, deur God se genade, hierdie natuurlike neiging onder beheer hou?

Selfbeheersing

Lees die volgende teksverse. Wat sê hierdie verse wat ons kan en behoort te help om te verstaan hoe mense, ryk en arm, hulleself kan beskerm teen die gevare wat hebsug, begeerlikheid en die liefde vir geld en materiële dinge vir die Christen inhou?

Handelinge 24:24–26

Galasiërs 5:22–25

II Petrus 1:5–9

Hierdie verse is so kosbaar en vol goddelike opdrag oor hoe ons behoort te leef. Maar, let op wat hulle almal in gemeen het: selfbeheersing. Hierdie karaktertrek kan veral moeilik toegepas word as dit by hebsug, begeerigheid en die smagting om dinge te besit, kom. Net deur selfbeheersing, eers in ons gedagtes en dan deur ons handelinge, kan ons beskerm word teen die bogemelde gevare.

Ons kan sulke beheer net toepas tot die mate wat ons onself aan die mag van die Here oorgee. Niemand van ons kan op ons eie hierdie sondige karaktertrekke oorwin nie, veral as dit vir lank beoefen en vertroetel was nie. Ons het waarlik die bonatuurlike werking van die Heilige Gees in ons lewens nodig om hierdie kragtige verleidings te kan oorwin. “Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra” (*I Korintiërs 10:13*).

Lees II Petrus 1:5–9 weer. Watter pad wil Petrus hê moet ons hier loop? Wat is die stappe wat gevolg moet word en hoe kan ons leer om dit toe te pas, veral in ons stryd teen hebsug en begeerlikheid?

Vir verdere studie:

Die mens se hoofdoel is om gelukkig en tevrede te wees. Maar, om deur middel van materialisme jouself te probeer verryk, sal hierdie doel nie bereik word nie. Diep binne-in hulle weet mense dit is waar, en tog hou hulle aan met hulle obsessie vir aardse besittings: Ek sien, ek begeer, ek vat. Wat kan makliker as dit wees? Sewendedag-Adventiste, net soos al die ander mense, word ook versoek om aan die valse waardes van materialisme toe te gee. Maar die aanhoudende verkryging van goedere produseer nie geluk nie, nie genoegdoening of tevredenheid nie. In plaas daarvan produseer dit probleme soos toe die ryk jongman baie ongelukkig en bedroef van Jesus af weggedraai het, verslae en mismoedig, want hy het nie gehoor of gekry wat hy wou gehad het nie. “Die huldiging van aardse waardes ondermyn mense se welstand, van ‘n swak kwaliteit lewe en valse geluk tot depressie en angs en fisiese probleme soos kopsere en persoonlikheidsafwykings, narcisme, en anti-sosiale gedrag.” — Tim Kasser, *The High Price of Materialism* (Cambridge, Mass.: The MIT Press, 2002), bl. 22, (vrye vertaling). Materialistiese Christene, anders gestel, drink met trots uit die fontein van rykdom, maar word geestelik ontwater; terwyl, wanneer ons die water wat Christus gee, drink, sal ons nooit dors kry nie (*Johannes 4:14*).

Vrae vir bespreking:

- 1. Dink nog meer na oor die voorspoed-evangelie gedagte. Watter teksverse kan diegene wat in hierdie leerstelling glo, gebruik om dit aan te beveel? Terselfdertyd, watter voorbeelde kan jy in die Bybel vind van getroue mense wie se lewens hierdie valse leerstelling weêrlê het?**
- 2. Nadat sy eerste kind ‘n paar jaar oud was, het ‘n man gesê: “Ek het twee belangrike Bybelse waarhede van hierdie kind geleer. Eerstens, dat ons gebore sondaars is. Tweedens, dat ons alreeds by geboorte vol hebsug is.” Watter stories kan jy vertel van hoe selfs kinders al getoon het hoe hebsugtig ons as menslike wesens is? Wat vertel dit aan ons oor ons behoefte aan goddelike genade?**
- 3. “Indien ons na die bron van ons moeilikhede soek,” het iemand geskryf, “moet ons nie mense vir verdowingsmiddels toets nie — ons moet hulle vir onnoselheid, onkunde, hebsug en die liefde vir mag, toets.” Waarom is hebsug so skadelik, nie net vir die hebsugtige persoon self nie, maar ook vir die mense rondom hulle? Aan watter voorbeelde kan jy dink waar hebsug verskriklike skade aan almal wat betrokke was, berokken het?**